# Swem

Die Bullsharks is ons trotse skoolswemspan en neem jaarliks deel aan verskeie kompetisies. Ons is tans deel van die C-liga, waar ons hierdie jaar die seunsafdeling gewen het.
Ons onderkaptein, Liam du Toit, het uitstekende prestasie gelewer deur die Dash for Cash te wen en terselfdertyd 'n nuwe rekord op te stel. Ons meisies toon ook sterk vordering en lewer konsekwente, mededingende resultate wat 'n waardevolle bydrae tot die span lewer.



Juffrou Janelda Röntgen
Swemorganiseerder

## Spaninligting

Ons swemspan bestaan tans uit 52 swemmers. As gevolg van groei en belangstelling, is ons in die proses om nóg 'n span saam te stel wat in die E-liga sal deelneem.

## Afrigting en Bestuur

Ons hoofafrigter is me. Ida van Wyk, wat ook deel vorm van die Tinco Swemklub in die Moot-area. Sy bring jare se ervaring en toegewyde afrigting na die span.
Ons swemorganiseerder is me. J.Röntgen (e-pos jrontgen@htsjv.co.za vir navrae en meer inligting).

## Swemfasiliteite:

Ons maak gebruik van:

- Tjaart van Vuuren swembad;
- Pierneef Laerskool se swembad - indien bg. swembad gesluit is.

## Seisoene

Ons swemjaar bestaan uit twee formele seisoene:

- September – November
- Januarie – Februarie

## Oefentye

Oefentye gedurende die seisoen is as volg:

- Maandag: 14:30 – 15:30
- Dinsdag: 14:30 – 15:30
- Woensdag: 14:30 – 15:30 (na akademiese aktiwiteite)
- Donderdag: Gewoonlik gala-dag






